

27 April - 1 Maart 2018

# KEURBOOMS



Dit is alweer einde April 2018 en tyd vir ons jaarlikse gebiedsaantrek by Keurbooms Lagoon in Plettenbergbaai tydens die lekker laa-ang naweek.

Van die begin af heers daar 'n feestelike atmosfeer met die heerlike herfsweer wat dit moontlik maak vir lede om saam te kom en te kuier. Veral is dit lekker om weer 'n slag die bedrywighede en "geraas" van jong kinders te hoor. Dankie aan Oos-Kaap se jonger lede wat ons ander twee streke (Klein-Karoo en Strelitzia) daaraan herinner het dat daar werklik nog baie kinders en jeug binne SAWA is.

Vrydagmiddag verkoop streek Strelitzia jaffels vir middagete. Vrydag laatmiddag bak streek Klein-Karoo 'n klompie pannekoek net om seker te maak die resepte en deeg is reg vir Saterdagoggend se verkope.



Saterdag oggend benut meeste van die lede om die omgewing te verken. Deon le Roux van streek Oos-Kaap besoek die plaasmark by Hawkerville en ondersteun die plaaslike gemeenskap se regstellende aankope toe daar in sy bakkie ingebreek word en ondermeer hulle duur kameras gesteel word. Die middag vieruur is die pannekoek- en poedingspanne van Klein-Karoo en Oos-Kaap slag gereed en word daar fluks gebak en verkoop.



Sondagoggend neem pastoor Ashley Bradley van streek Oos-Kaap die oggend erediens waar.

**Snitte geleen uit Willem Nel se 2018 Gebiedsaantrek Opsomming.**